Vrydag 7 Augustus
Skrifgedeelte: Psalm 145 (AFR83)
Fokusgedeelte: Psalm 145:8
Ons Koning is lankmoedig

Ons kan nie anders as om saam met Dawid God se lof te verkondig nie! God is groot in sy koningsheerskappy. Dit strek oor alles en almal en is vir nou en ewig. As Heerser doen Hy dade van liefde en goedheid. Deur al die geslagte word getuig van sy grootheid en gejubel oor sy reddingsdade. Hierin is God regverdig. Hy laai die dood wat ons verdien, op sy Seun, Jesus Christus.

In sy lankmoedigheid wek die Here ons op tot 'n nuwe lewe. Uit onsself was ons in die sondedood, maar Christus skenk ons die ware lewe. Ons ervaar nou die grootheid en goedheid van God.

- As ons geval het, tel Hy ons op.
- As ons bedruk is, ondersteun Hy ons.
- Hy versorg ons met oorvloed en gee wat ons vra.
- As ons om hulp roep, red en beskerm Hy ons.

Vanaf die Koningstroon aan die regterhand van die Vader regeer Christus nou oor alles en almal. As Hy weer kom, sal Hy God se koningsheerskappy finaal afkondig voor almal en alles.

Deur die Heilige Gees regeer Christus nou oor ons hele lewe. Hy gee ons 'n hart wat God as Koning dien en eer. So sien ons iets van God se ondeurgrondelike grootheid en goedheid. Daarvan moet ons hele lewe getuig, sodat ander ook oor God se reddingsdade kan jubel. God se goedheid en barmhartigheid is tog oor alles wat Hy geskep het.

Die hele skepping besing God se heerlikheid. As sy troue dienaars moet ons by hierdie loflied inval. Ons moet Hom ken en gemeenskap met Hom hou, met 'n dankbare verantwoordelikheid ook teenoor die grond, plante en diere. Slegs die mens wat God ken, gaan op die regte manier om met God se skepping. Daarom sal my mond en hart die lof van die Here verkondig, van nou af tot in ewigheid!

*Sing: Psalm 145-1: 1, 10, 12*

*Ds. RG (Roelie) Aucamp (emeritus)*